WEEK 03

19 Januarie 2024

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Tot week 2 is net minder as 34 miljoen kartonne verpak. Die groot probleem is dat slegs 17 miljoen kartonne alreeds verskeep is. Die koelkamers is oral besig om vol te raak. Die huidige skip wat in Kaapstad laai, die Santa Clara, is reeds vol geboek en van die houers wat daarop bespreek was, word gerol na die volgende skip.

Inspections (WK02): 33,83 mil carons

Exports (WK02): 17,38 mil cartons

DIFFERENCE = 16,45 mil cartons

EXPORTS(WK03-confirmed) = 1,29 mil cartons (MSC DONTATA)

EXPORTS (WK03+) Not Sailed = 8,86 mil cartons
(Santa Clara, Santa Isabel etc)

STOCK (Cold stores) = 6,3 mil cartons

**Bron: SATI JGMF*

Ons het reeds twee maal uit Gqeberha gelaai. Dit is heelwat duurder om houers soontoe te stuur. Op ongeveer die helfte van die houers kon ons die verlaagde tarief kry omdat daar terugvrag was. Die skeepsredery het ook vir 5 houers se transport na Gqeberha betaal omdat hulle die Santa Clara oorgeboek het.

Ons laai ook heelwat houers op die Irenes Wisdom. Die skip sou die Kaap aandoen slegs om leë houers af te laai maar daar is ‘n spesiale allokasie vir vrugte houers gedoen om die druk te verlig. Die transito tyd is effens langer omdat dit Luanda aandoen. Die skip vertrek 23 Januarie. Ten spyte van die verlengde transito tyd gaan die houers waarskynlik op dieselfde tyd as die volgende “normale” skip, die Mehuin, in Europa aankom.

Op hierdie stadium is die Noodelike provinsies 88% klaar gepak (volgens hul skatting) en die Oranjerivier het alreeds 100% van die skatting gepak. Die gevoel is dat die Noordelike provinsies ongeveer 95% van die skatting gaan pak, maar die Oranjerivier gaan meer pak as die skatting. Die Weskaap is nog net ‘n paar weke aan die gang en moet nog baie pak.

Die afgelope week was die pakweer besonder goed. Die vorige reëns wat daar in die Weskaap was, het egter ‘n redelike effek op sommige kultivars gehad. Baie ARRA 29 en Starlight is gepars. Warm weer word vir die komende week voorspel. Moet dus nie agter raak op besproeiing nie. Van die mid-seisoen

kultivars het nie gewig nie en die produksie/ha is net nie daar nie. Opvolgende kultivars lyk egter weer beter.

Die mark in Europa hou op die stadium nog steeds goed, gegewe die tyd van die jaar. Pryse is oor die algemeen €1 tot €1.5 hoër as die ooreenstemmende tyd laasjaar. Die vertragings in Suid-Afrika se hawens speel beslis ‘n rol, maar daar is ook ander faktore betrokke. Die probleme wat tans in die Rooi see ervaar word veroorsaak dat Indië nie deur die Suez kanaal kan verskeep nie en om die Kaap moet kom. Dit maak ook hul kostes baie hoër. Hulle sal dus nie met sulke lae pryse in die mark kan kom as in die verlede nie.

Dinge in die Oosterse markte is op die stadium nie meer so positief as ‘n week of twee terug nie. Peru het heelwat meer soontoe verskeep en die kwaliteit, veral uit die Piura area, is nie baie goed nie. Houers word herlei vanaf China na ander Oosterse markte wat uiteraard druk plaas op pryse en verkope. Tans gebruik ons die “feeder vessel” vanuit Kaapstad na Mauritius om die Ooste te bedien. Die skip laai vanaf die CTMPT terminal wat minder onderhewig is aan wind.

Sterkte met die res van die seisoen..

Groete.

Sapex Span